

**Woensdag 17 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 80:1-20**

**Fokusgedeelte: Psalm 80:4, 8, 20**

### **Standvastigheid in 'n deurmekaar wêreld**

Kan jy jousef indink in die Psalmdigter se situasie? Soveel swaarkry, kyk net na vers 6. Dit wat hulle trane veroorsaak het, herhaal hy drie keer in verse 4, 8 en 20. Die Here is weg, hulle het nie meer hoop nie. Hy bid: "Laat skyn die lig van u aangesig." Hy sê eintlik: Here, kom weer dat ons U kan sien.

Dit is ons troos vandag: Christus die Here het gekom. Hy het deur sy Seun aan ons kom wys Wie Hy is en hoe lief Hy ons het. Nou weet ons deur Christus: Die Here is nie net Israel se Herder nie, maar ook ons Herder (vs 2). En Hy luister altyd na ons. Daarvan verseker die Heilige Gees ons, want dit is deur Hom dat ons die Here ons Vader kan noem.

Ons weet ook, soos die Psalmdigter telkens bid, die Here is die Heerser oor alle magte. Christus het die dood oorwin en sy dissipels daarvan verseker in Matteus 28:18.

Ons weet ook ons is die Here se wingerd. Die Here het hulle vir Homself geplant, maar hulle was deur die vyand afgekap. Nou bid die Psalmdigter tot die Here om toe te laat dat hulle as volk weer groei. Wat hy nie besef het nie, is hulle moes afgekap word sodat ons deel kan word van die wingerd. Christus het die kerk deel gemaak van die wingerd van God en Hy versorg ons elke dag. Hy snoei ons reg deur alles wat in ons lewe gebeur sodat ons tot sy eer kan leef.

Sien u, die Psalmdigter het niks anders as trane gehad in sy swaarkry nie. Maar ons het by ons trane hoop en troos. Die Here is ons Herder wat magtig is om ons te versorg soos 'n kosbare wingerd. Dit is die blywende hoop wat vir ons standvastigheid in 'n deurmekaar wêreld gee.

*Sing: Psalm 80-1:1, 10*

*Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg/Rhenosterberg/De Aar)*